

1 Mei

Skrifgedeelte: Deuteronomium 32:1-47

Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:42

Jubel oor die dae wat verby is!

As gereformeerde gelowiges kan ons waarlik jubel oor die Here se nabyheid in ons lewens, in 'n wêreld wat onbewoonbaar is as gevolg van al die geweld, misdaad en dwaalleer. Ja, 'n wêreld wat so onbewoonbaar is soos 'n woestyn. Daar het die Here ons omhels, ons vertroetel en ons versorg soos die appel van sy oog (vs 10). Hy het ons kom verlos met die bloed van sy Seun.

Dit beteken natuurlik nie dat alles net wonderlik en goed sal gaan nie. Die beeld wat in vers 11-12 gebruik word, leer ons dit ook. 'n Arend skop sy kuikens, wat nog nooit eers probeer vlieg het nie, uit die nes. Vanuit die kuiken se oogpunt is dit onredelik, maar die arend weet dat dit die enigste manier is hoe die kuiken kan leer om te vlieg. Buitendien laat die arend nie toe dat die kuiken homself te pletter teen die grond val nie. Wanneer hy sien dat die kuiken nie regkom nie, sprei hy sy vlerke onder hom oop en tel hom op om hom weer veilig in die nes te sit.

So sien ons ook die Here se sorg in ons lewens. Soms is dit nodig dat Hy ons uit die nes uitskop. Wanneer dit gebeur, lyk dit vir ons onredelik, maar wanneer ons terugkyk, sien ons dat al die moeilike omstandighede daartoe bygedra het dat ons vandag ons geloofsvlerke kan oopsprei en vlieg. Dat ons vandag volkome op God kan vertrou.

Daarom moet ons soos ons teksvers ons aanmoedig, jubel (vs 44 OAV). Ons moet jubel omdat ons God aan ons die ewige oorwinning geskenk het in Christus Jesus, ons Here. Aan Hom alleen die eer.

Sing: Skrifberyming 1:1, 2 (4-1)

Ds PJ de Bruyn (Gobabis)